higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

26 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Vir punte om toegeken word moet AL die berekeninge getoon word.
6. Bedrae moet tot TWEE desimale plekke afgerond word.
7. Gebruik slegs SWART of BLOU ink.
8. Waar van toepassing word BTW teen 14% gevra.
9. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kontantvloeistaat ('cash flow statement'); inset-BTW; bedryfskapitaal ('working capital'); kasboek; kommissie; afslag ontvang; bruto wins; sakeplan; bruto inkomste; inventaris; bankkoste; inkomstestaat; uitset-BTW; lopende rekening

1.1.1 'n Dokument wat die doelwitte en finansiële strategie van 'n sakeonderneming uiteensit

1.1.2 Die totale inkomste van 'n onderneming voordat onkoste afgetrek is

1.1.3 Geld wat deur 'n onderneming benodig word om vir daaglikse onkoste te betaal

1.1.4 Die voorraad van 'n onderneming

1.1.5 Gelde wat deur banke gevra word vir dienste wat hulle verskaf

1.1.6 'n Verslag wat die geld aantoon wat oor 'n tydperk by 'n besigheid invloei en uitvloei

1.1.7 'n Vermindering in die bedrag wat aan 'n verskaffer betaalbaar is

1.1.8 BTW op aankope wat aan verskaffers betaal word

1.1.9 'n Bankrekening waaruit tjekbetallings gedoen kan word

1.1.10 'n Joernaal wat 'n onderneming se kontantkwitansies en -betalings bevat

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Versekering ('Insurance') is 'n voorbeeld van … in 'n sakeonderneming.

1.2.2 … is 'n ander term vir die omset van 'n sakeonderneming.

1.2.3 'n Rekeningkundige ... verrig 'n verskeidenheid algemene rekeningkundige steundienste in die rekeningkundige departement van 'n sakeonderneming.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Krimpings ('Shrinkages') laat die winste van 'n sakeonderneming …

1.2.5 'n … tjek is 'n tjek wat meer as ses maande vooruit gedateer is.

1.2.6 'n … tjek is aan die agterkant geteken, wat aandui dat dit aan 'n derde party betaal kan word.

1.2.7 'n … is 'n dokument wat bevestig dat 'n betaling ontvang is.

1.2.8 'n Kredietfasiliteit wat deur die banke aangebied word en wat 'n rekeninghouer toelaat om meer geld te trek as wat daar in werklikheid in die rekening is, staan bekend as 'n …

1.2.9 'n Vorm van sake-eienaarskap waar die onderneming tot slegs een eienaar beperk is, word 'n … genoem.

1.2.10 'n …-staat toon die finansiële prestasie van 'n sakeonderneming.

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Dokument wat inligting verskaf oor die onderneming se bankrekening:

A Tjekrekening
B Balansstaat ('Balance sheet')
C Depositoboek
D Bankstaat

1.3.2 Die meeste ondernemings gebruik … om kontantbetalings te doen.

A tjeks
B fakture
C kwitansies
D banknote

1.3.3 'n … toon die finansiële posisie van 'n onderneming.

A Inkomstestaat
B Kontantvloeistaat
C Balansstaat
D Algemene joernaal

1.3.4 'n Onderneming vul 'n … in wanneer hy geld in sy bankrekening deponeer.

A duplikaatkwitansie
B depositostrokie
C kasontvangste-joernaal ('cash receipts journal')
D bankstaat

Kopiereg voorbehou

1.3.5 'n … is 'n dokument wat deur 'n onderneming aan 'n verskaffer uitgereik word, en wat aandui dat die verskaffer se rekening verminder is.

A Belastingfaktuur
B Kredietnota
C Debietnota
D Joernaalbewys

1.3.6 … is die verlies van voorrraad as gevolg van diefstal, breekskade of veroudering.

A Diefstal
B Verouderde voorraad
C Krimping
D Voorraadwisseling ('Stock rotation')

1.3.7 EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n inkomste in 'n onderneming:

A Telefoon
B Rente op lopende rekening
C Diensgelde
D Reklame

1.3.8 … is 'n instruksie wat aan 'n bank gegee word om geld van 'n rekeninghouer se rekening af te trek om gereelde, vaste betalings namens die rekeninghouer te doen:

A Bankkoste
B 'n Debietorder
C 'n Debietnota
D 'n Bankoortrekking

1.3.9 …BTW word van 'n onderneming se klante ontvang.

A Onkoste-
B Inset-
C Terugbetaalbare
D Uitset-

1.3.10 Vars vrugte en groente, rys en melk is voorraaditems wat …

A teen 'n standaardtarief belas word.
B teen 14% belas word.
C belastingvry is.
D BTW-vry ('zero-rated') is.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies 'n woord of woorde uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die inkomste van die onderneming nadat bedryfsonkoste afgetrek is	A	betaalbaar aan SAID ('SARS')
1.4.2	Die langtermyn-besit van 'n onderneming	B	skryfbehoeftes
1.4.3	Wanneer die uitset-BTW meer is as die inset-BTW	C	netto wins
1.4.4	'n Voorbeeld van bedryfsonkoste	D	tjekteenblad
1.4.5	Die deel van die tjek wat by die onderneming bly nadat hulle 'n tjekbetaling maak	E	prys verhoog ('mark up')
1.4.6	Die bedrag wat by die kosprys gevoeg word om die verkoopsprys te bepaal	F	inkomstebelasting
1.4.7	Indirekte belasting	G	bruto inkomste
1.4.8	'n Persoon wat die finansiële transaksies van die onderneming opteken	H	prys verlaag ('mark down')
1.4.9	Hierdie rekening bied 'n hoër rentekoers as 'n spaarrekening	I	kleinkas ('petty cash')
1.4.10	Geld wat in die onderneming gehou word vir die aankoop van klein items soos tee of koffie	J	boekhouer
		K	nie-bedryfsbates ('non-current assets')
		L	vaste deposito
		M	tjek
		N	BTW

(10 × 1) (10)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 'n Spaarrekeninghouer kan tjekbetalings uit hierdie rekening doen.

1.5.2 'n Winsvoorspelling is 'n raming van die toekomstige winste van 'n onderneming.

1.5.3 Die bedrag wat aan die verskaffer verskuldig is, word die krediettermyn genoem.

1.5.4 'n Handelsafslag word deur 'n debiteur aan 'n onderneming toegestaan.

1.5.5 'n Onderneming moet altyd seker maak dat dit 'n veilige plek het om sy kontant te berg voordat dit gebank word.

1.5.6 In die kleinkasvoorskotstelsel ('imprest system of petty cash') is die beginsaldo van die kleinkasrekening elke maand verskillend.

1.5.7 'n Depositostrokie word ingevul wanneer kontant in 'n bankrekening gedeponeer word.

1.5.8 'n Onderneming kan vrywillig as 'n BTW-ondernemer ('VAT vendor') registreer indien sy omset vir twaalf agtereenvolgende maande R1 000 000 oorskry.

1.5.9 Die vernaamste doelwit van elke onderneming is om 'n bankrekening te open.

1.5.10 Die eienaar se persoonlike en vertroulike inligting verskyn op die onderneming se bankstaat.

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die volgende balansstaat en beantwoord die vrae.

Balansstaat van Financial Aid Suppliers op 30 Junie 2017

BATES	Notas	R	R
Nie-bedryfsbates			1 290 000
Land en geboue		970 000	
Voertuie		220 000	
Toerusting		100 000	
			50 000
Finansiële bates			
Vaste deposito: ABSA (8% p.a.)		50 000	
Bedryfsbates			???
Handelsvoorraad		21 000	
Debiteurekontrole		16 500	
Kontant en kontantekwivalente		4 500	
TOTAAL BATES			**1 382 000**
EKWITEIT EN LASTE			
Eienaar se ekwiteit			1 146 000
Nie-bedryfslaste			
Lening: Standard Bank (10% p.a.)			100 000
Bedryfslaste			
Krediteurekontrole		90 000	136 000
Bankoortrekking		46 000	
TOTAAL EKWITEITE EN LASTE			**1 382 000**

2.1.1 Bereken die waarde van die bedryfsbates. (4)

2.1.2 By watter bank het die onderneming 'n vaste deposito? (1)

2.1.3 Bereken die rente wat die onderneming aan die einde van die finansiële jaar op die vaste deposito sal ontvang? Die vaste deposito is op 1 Julie 2016 uitgeneem. (3)

2.1.4 Wat is die waarde van die onderneming se langtermynskuld? (1)

Kopiereg voorbehou

2.1.5 Wie het hierdie langtermynskuld aan die onderneming toegestaan? (1)

2.1.6 Wat is die rentekoers wat die onderneming op sy langtermynskuld betaal? (1)

2.1.7 Het die onderneming 'n positiewe of 'n negatiewe banksaldo? (1)

2.1.8 Gee EEN rede om jou antwoord in VRAAG 2.1.7 hier bo te ondersteun. (2)

2.2 Gee TWEE redes hoekom banke diensgelde vra. (2 × 2) (4)

2.3 Noem enige DRIE hulpjoernale ('subsidiary journals') wat 'n onderneming gebruik om sy transaksies op te teken. (3 × 2) (6)

2.4 Beskryf kortliks die verskil tussen *aanvangskapitaal* ('start-up capital') en *bedryfskapitaal* ('working capital'). (4)

2.5 Gee TWEE riglyne oor hoe 'n onderneming sy laste kan hanteer. (2 × 2) (4)

2.6 Wat is die doel van die kontantvloeistaat ('cash flow statement')? (2)

2.7 Noem die DRIE afdelings ('sections') in 'n kontantvloeistaat. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Beskryf kortliks die term *inset-BTW*. (2)

3.2 Luthando koop koekies van 'n groothandelaar vir R26 (BTW uitgesluit) per boks. Sy verkoop hulle teen 'n wins van 25%.

Bereken die volgende en toon al jou berekeninge (veronderstel dat BTW van 14% gevra word EN rond jou antwoorde tot 2 desimale af):

3.2.1 Kosprys insluitend BTW

3.2.2 Wins

3.2.3 Verkoopsprys (BTW uitgesluit)

3.2.4 BTW op die verkoopsprys

3.2.5 Verkoopsprys insluitend BTW (5 × 2) (10)

3.3 Yebo Traders het goedere vir R6 500 (BTW ingesluit) van Shisa Shop gekoop en 'n afslag van 5% ontvang.

Bereken die prys wat Yebo Traders ná die afslag vir die goedere betaal het. (4)

Kopiereg voorbehou

3.4 Onderskei tussen die volgende met betrekking tot BTW:

3.4.1 Vrygestelde items ('Exempt items')

3.4.2 Nulkoersitems ('Zero-rated items') (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die kleinkasjoernaal hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Kleinkasjoernaal van Financial Aid Suppliers – Junie 2017 PCJ 06

DOK	DAG	DETAILS	KLEINKAS	POSGELD	LONE	DIVERSEREKENING	
						BEDRAG	DETAILS
V1	1	Tee & koffie	170			170	Verversings
V2	9	Posseëls	28	28			
V3	21	Skoonmaak van kantoor	150		150		
V4	28	Kwitansieboeke	455			455	Skryfbehoeftes
			803	**28**	**150**	**625**	

Bykomende inligting:

- Die onderneming gebruik die voorskotmetode ('imprest method') en het op 1 Junie 2017 'n openingsaldo van R1 000 in sy kleinkasrekening.

4.1.1 Plaas ('Post') die kleinkasjoernaal hier bo oor na die kleinkasrekening in die algemene grootboek. (Gebruik die aangehegte ANTWOORDBLAD.) (7)

4.1.2 Vul die tjek en tjekteenblad in wat uitgereik sal word om die voorskotbedrag ('imprest amount') op 30 Junie 2017 terug te gee ('restore'). (Gebruik die aangehegte ANTWOORDBLAD.) (7)

4.2 Noem en beskryf kortliks die DRIE verskillende partye wat by 'n tjekbetaling betrokke is. (3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 5

5.1 Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekords van Thabo Traders:

	2016	2017
Verkope	900 000	750 000
Minus koste van verkope	???	???
Bruto wins	250 000	275 000
Onkoste	210 000	170 000
Netto wins	40 000	???

Kopiereg voorbehou

5.1.1 Bereken die koste van verkope vir 2016 en 2017. (4)

5.1.2 Bereken die netto wins vir 2017. (2)

5.1.3 Watter uitwerking het onkoste op die wins van 'n onderneming? (1)

5.2 Bestudeer die volgende inligting uit die rekords van Smith and Sons en beantwoord die vrae.

Verkope	1 520 000
Koste van verkope	836 000
Telefoon	44 000
Water en elektrisiteit	68 000
Bedryfsbates	75 000
Bedryfslaste	40 000
Rente betaal	15 000
Rente ontvang	8 000
Huurinkomste	25 000
Lone	30 000

5.2.1 Bereken die bruto inkomste. (6)

5.2.2 Bereken die totale bedryfsonkoste. (4)

5.3 Financial Aid Suppliers het 'n beginvoorraad van R122 000 gehad, en het gedurende die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2017 handelsvoorraad ter waarde van R828 760 aangekoop.

Aan die **einde** van die finansiële jaar is die volgende inligting uit die onderneming se rekords onttrek:

- voorraad verkoop vir R1 990 000
- die handelsvoorraad het 'n saldo van R320 760 getoon

Die fisiese voorraadopname op 30 Junie 2017 het weerspieël dat voorraad voorhande ('on hand') by jaareinde R306 400 was.

Bereken die krimping ('shrinkage') op 30 Junie 2017. (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

SENTRUMNOMMER:

4.1 4.1.1

Algemene Grootboek van Financial Aid Suppliers
Kleinkas B08

(7)

4.1.2

Datum:_____

Betaal:_____

Vir:_____

_____

_____

Hierdie tjek:_____

10045

ABSA
17 Rissik Straat
Johannesburg
2000

Date: _____

Betaal:_____

Bedrag: _____

_____

_____
Financial Aid Suppliers

10045 // 052544 // 031038832

(7)

Kopiereg voorbehou